# WAT IS LIEFDE?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN HIERDIE OORDENKING:**

**1Timótheüs 1:5 Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof**

**1 Johannes 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.**

-o0o-

Ek wil julle vanmôre baie ryklik seën in die naam van Onse Here Jesus Christus, soos julle uit die opskrif kan sien en lees oor **Wat is liefde?** Dit is iets wat ek baie oordink en oor bid.

Wat is die liefde, want die Bybel sê *God is liefde.* Maar wat anders kan dit regtig beteken? Hoe kan ek liefde beskryf? Ek besef die geleerde mense sê daar is baie tipes liefdes, maar ek dink nie hulle is reg nie. Ek het bietjie van my kant af gesit en kyk wat is liefde, die liefde gaan oordink en die breë sprektrum van liefde begin ontleed.

Die wonderbaarlikheid van alles is, dat ons as mens, die enigste wese in die hele skepping van God is, wat die reg gekry het by die Skepper, om lief te kan hê. So Hy het net vir ons daardie soewereine voorreg gegee. Ek wil amper sê, dit is 'n stukkie van God Homself wat Hy in ons gesit het. Omdat God liefde is, het Hy net vir die mens gesê *"jy het die reg om lief te hê".* Hoekom sê ek nie net - daar is slegs 'n paar sekere liefdes nie? Vir die eenvoudige rede - die verskil wat ek in liefde gesien het, is astronomies.

**Kortliks opgesom die volgende tipes liefde:**

- ***Ek het myself lief.*** In die sin van die woord, ek respekteer die tempel wat God my gegee het. So, niemand sal die tempel van die Here skade aandoen wat hy lief het nie.
- ***Liefde vir jou man of jou vrou***. Ek het die afgelope tyd hieroor so gesit en dink. Uit die biljoene vroue op aarde, is daar nie een vrou wat ek so lief het soos vir *my vrou* nie. Vir my vrou het ek 'n baie spesiale liefde.
- ***Liefde vir ons kinders***. Vir ons kinders het ons 'n spesiale kinders-hê, liefde.
- ***Liefde vir ons diere***.
- ***Liefde vir God***. Ek dink nie ek en jy kan daardie tipe liefde verklaar nie, want hoe kan ek my liefde vir God verklaar? Jy kan dit nie verklaar in woorde nie, jy kan dit net uitleef. *Liefde is 'n werkwoord*, liefde is nie 'n selfstandige naamwoord nie.
- ***Liefde vir die Woord van God***.
- ***Liefde vir die Heilige Gees***.
- ***Liefde vir my fisiese, biologiese broers en susters, hul vrouens, mans en hul families***. Ek kan weer nie sê, ek het dieselfde liefde vir my broer as vir my suster nie, want dit is verskillend. Ek het nie my swaer so lief soos wat ek my skoonsuster het nie. Dit is alles verskillende liefdes.
- ***Fisiese liefde vir die gebou, my huis***. Ek is lief vir my huis, want as ek nie lief is vir my huis nie sou ek nie hier wou bly nie. Iemand het eendag gesê dat as jy nie gelukkig is by jou huis nie, is jy nie gelukkig met jouself nie, en dit is so. Jy is lief vir jou huis; jy is lief vir die omstandighede rondom jou huis.
- Jy het jou ***vriendekring*** waarvoor jy lief is.

Elke liefde wat daar is, verskil van mekaar.

-o0o-

## 1. LIEFDE IS WYD EN DIEP

Al wat ek wil sê is, gaan sit en ontleed die liefde, dan kom jy agter hoe geweldig wyd is liefde. En elke liefde wat jy het, verskil die een van die ander een. Ek het hierdie laaste paar dae baie bepeins: *hoe is dit moontlik dat 'n mens self liefde kan uitdink*? Jy kan nie. Dis te groot, dit is te mega.

- Kom ons gebruik die voorbeeld van ons kleinkinders. Vir elke kleinkind het jy 'n ander liefde, nie dat dit verskil in voortrek-liefde of so nie. Jy het net 'n ander liefde vir die een kleinkind as vir die ander kleinkind. Die liefde vir jou kleinkinders kan jy nie in 'n katogorie plaas van A, B, C nie. Dit is nie hoe dit werk nie, want liefde is nie so algemeen en eenvoudig nie, liefde is geweldig baie diep.
- Nog 'n voorbeeld van 'n tipe liefde. Hoekom drink ek uit een spesifieke koffiebeker? Want ek is lief vir my koffiebeker. Dis *my* koffiebeker. 'n Lang tyd terug, het my koffiebeker gebreek en daar was die groot teleurstelling in my hart oor my koffiebeker wat gebreek het. Dit is nie asof iemand of iets dood is nie – dit is net 'n gewone glas voorwerp, maar dit was my koffiebeker.

Dan is mens verwonderd oor hoe wyd verspreid en individueel groot is die liefde. Ek probeer hierdie goed uit te druk, maar dit is moeilik, want elke ding wat in my lewe is en bestaan, is ek lief voor, maar met 'n ander liefde as die vorige een. *Hoekom hou ek van sekere klere? Hoekom hou ek van sekere skoene? Hoekom hou ek van sekere dinge?* Want jy is lief vir dit. Maar dit is nie aanbiddingsliefde nie - daar is net een aanbiddingsliefde en dit is vir God!

**1 Timótheüs 1:5 Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof**

- Jesus het ons 'n nuwe beginsel van liefde kom leer.
- Paulus onderrig jong Timótheüs hoe om die liefde vir God in die gemeente te bevorder en hulle nie besig hou met onsinnige praatjies nie.

Dan dink ek, dit is net die Heilige Gees wat vir ons kan help om die liefde uit te lewe, want liefde kom uit God en die mens is die enigste wese hier op aarde vir wie Hy hierdie voorreg gegee het - selfs nie die engele het die reg om lief te hê. Hulle weet nie wat liefde is nie, hulle verstaan nie liefde nie. En hoe hartseer is dit, dat God vir hulle dit nie beskikbaar gestel het nie, maar net vir ons.

## 2. LIEFDE VUL DIE LEEMTE

Op die ou einde van die dag, as die mens al die liefde kan saam vat, kry jy dit in een versie vasgelê, naamlik **Johannes 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** Dit beteken, deur Christus Jesus het ons al daardie liefde ontvang. Ek is van mening dit is die rede waarom dit so hartseer is, dat mense wat Hom nie het nie, hulle liefde in ander plekke soek. Hulle soek liefde in drank, in sonde en al hierdie dinge. Hulle sal bly soek en bly soek, want daardie leemte kan nooit gevul word nie. Die wêreldse dinge kan dit nie vul nie - slegs net God wat dit kan vul!

Ek praat uit my eie ondervinding en persoonlike lewe. Soeveel jare het ek gesoek en gesoek en gehardloop en ek kon niks kry nie, totdat ek Hom ontmoet en 'n persoonlike verhouding met Hom gebou het. Sedertdien kan ek sê my lewe is volmaak, nie omdat ek goed is nie; daar is egter baie dinge in my lewe wat nog moet reggestel moet word, maar omdat Hy goed is, want Hy is die Een wat die volmaakte plek van liefde in my lewe gevul het.

- As ek Hom lief het sal ek alles lief hê wat God in my hande geplaas het. Elke dag, elke oomblik, elke tree wat ek moet stap, elke droom wat oor my pad moet kom, sal ek God altyd eer vir alles wat in my lewe gebeur, goed of nie so goed nie.

-o0o-

## 3. LIEFDE MAAK ONS STERK

Ons sien ook hierdie dinge waar Paulus vir Timotheus skryf. Hy sê, al gaan dit so bietjie swaar met jou, moet nie moed opgee nie. Hou volle moed want dit is alles in die wil van God om jou sterker te maak.

**1 Timótheüs 6:12  Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.**

Ons murmereer so maklik teen dinge, ja, soms is dit vir sommige mense bitter moeilik. Onthou net, hoe harder jou staal is, hoe meer gaan jy getoets wees.

- Om blik te buig is baie maklik, maar om getemperde staal te buig, het jy baie groot masjiene nodig.
- Wanneer jy regtig deur beproewinge gaan, sê dankie Here dat U my staal sterk genoeg getemper het om hierdie beproewing te kan deurgaan, want dit gaan alles oor liefde.
    - Jy moet dalk die staal konstruksie wees in die tempel van die Here. Om daardie staal konstruksie te wees, moet jy gelouter wees, jy moet sterk staan. Jy moet van die hardste staal op aarde wees.

Dit gaan alles oor liefde.

**1 Johannes 4:8  Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.**

Mag die Here julle rylik seën en mag hierdie boodskap julle ook seën.

-o0o-

**Romeine 12:10** wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning;

1 **Timótheüs** 1:5  Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof

1 Tim 1:6  waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies;

**Fillipense 2:1** As daar dan enige troos in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is,

Fillipense 2:2  maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.

**Fillipense 2:3** Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

**Fillipense 2:4** Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n.

**Fillipense 2:5** Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was

Lees ook **1 Korinthiërs 13** – Die grootste hiervan is die Liefde

.

-o0o-